Verw:
Ref:

SUID-AFRIKAANSE AMBASSADE
SOUTH AFRICAN EMBASSY
TRAFALGAR SQUARE
LONDON WC2N 5DP

TEL: 071-930 4488
TELEX: 8952626 G

Brig. Nel t/c asb.

L.J. ERASMUS
Luitenant-generaal
Lieutenant General

15 Januarie 1992

Lt-genl Erasmus: T/I

R.D.M VOS Kaptein

Die Kommissaris
Suid Afrikaanse Polisie
P/Sak X94
Pretoria

(Vir Aandag : Lt. Genl S.J.J. Smit)

Uitlewering : R.O. HILL

Aangeheg vind dokumente ten opsigte van die beoogde vervolging en uitlewering van R.O. Hill vir 'n bedrog van Eskom aandelesertifikate ter waarde van bykans negentig miljoen rand.

Na maandelange dialoog met "New Scotland Yard" (NSY) en die "Director of Public Prosecutions" (DPP), buite die normale wandelgange van die diplomatieke vlak, blyk dit nou asof die eerste "Ad Hoc" uitlewering tussen Suid Afrika en Engeland goed op pad is om 'n werklikheid te word. Uiters positiewe steun was van Advokaat M. Kew en die "D.P.P." ontvang en "NSY" se uitleweringseenheid is gerat om Hill te arresteer, sy bates te bevries en om hom dan aan die Suid Afrikaanse regspleging uit te lewer.

Die aangeleentheid is ook in diepte met die Politiek Afdeling in die London ambassade bespreek en die gevoel is dat ons moet verseker dat hierdie uitlewering nie skipbreuk ly nie. Na samesprekings tussen die Prokureur-Generaal Witwatersrand en die "DPP", sal dit miskien gerade wees dat 'n Suid Afrikaanse Justisie beampte by die hof teenwoordig moet wees om enige onvoorsiene omstandighede die hoof te bied.

Sodra die vraelys en dokumente van die D.P.P. ontvang word, sal die onverwyld aan die Departement Justisie in Suid Afrika verskaf word, ten einde die finale Britse Ministeriele goedkeuring te verkry.

Kolonel
J.P. Wright
Eerste Sekretaris

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive · Since 1988